Die sukses van kleingraanboerdery word wesenlik bevorder deur die bou van gesonde grond asook die effektiewe gebruik van bemesting.

Atlantic Fertilisers se semi-organiese planterbemesting, grondkondisioneerders en biostimulante maak hier 'n deurslaggewende bydrae.

Bio Ganic en Bio Rock produkte kan voloppervlakte uitgestrooi word kort voor plant, en het baie voordele teenoor die hantering van bv. rou mis vir grondkondisionering.

Semi-organiese bemesting is ‘n kombinasie van gekomposteerde mis en chemiese kunsmis wat verpil word. Hierdie produkte dra by tot ‘n sagter benadering in die band en lewer ook ‘n bydrae tot algemene grondvrugbaarheid veral in sanderige en klipperige grond en het stadiger verliese van voedingstowwe tot gevolg.

Verskeie plantermengsels is beskikbaar. Spesifieke spoorelemente kan ook bygevoeg word indien nodig. Dit bied die voordeel dat die plant baie vinniger kan voordeel trek uit die spoorelemente teenoor n blaarspuit later in die seisoen.

Biostimulante soos BioKelp X5 en Ocean Nutrition word ook ingespan. Hierdie produkte kan in die plantvoor gedrup word of as blaarspuite saam met Atlantic Foliar gebruik word. Dit bevorder groei en

ontwikkeling van plante deur hul metaboliese prosesse te verbeter en die weerstand teen stresfaktore te verhoog.

Atlantic Fertilisers se grondkondisioneerders asook semi-organiese planterbemesting en biostimulante bied 'n holistiese benadering wat die grondgesondheid bevorder, opbrengste asook kwaliteit verhoog en het 'n positiewe impak op die omgewing. Die resultate met die gebruik van hierdie produkte is merkbaar in die groei, opbrengs en kwaliteit van die oes.

Kontak ons gerus vir meer in-diepte advies rondom hierdie praktyke.